# Huistaal:

## Die ruspe wat so honger was.

Graad R

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Boek deur Eric Carle


Gelees deur juf. Janneke

LAERSKOOL MIKRO

# Die ruspe wat so honger was.



Laerskool Mikro Kopiereg ©




Op 'n blaar in die maanskyn lê 'n klein eiertjie.

LAERSKOOL MIKRO

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Een Sondagmôre kom die son lekker warm op en – kirts – daar kruip 'n ruspetjie uit die eier. Hy is baie klein en hy is baie honger.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO




Laerskool Mikro Kopiereg ©

Dié Maandag
vreet hy 'n gat
deur een appel,
maar hy is nog
baie honger.





Laerskool Mikro Kopiereg ©


Dinsdag vreet hy deur twee pere, maar hy is nog baie honger.





Laerskool Mikro Kopiereg ©


Woensdag vreet hy deur drie pruime, maar hy is nog baie honger.





Laerskool Mikro Kopiereg ©


Donderdag vreet hy deur vier aarbeie, maar hy is nog baie honger.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Vrydag vreet hy deur vyf lemoene, maar hy is nog baie honger.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Saterdag vreet hy deur...


'n stuk sjokoladekoek,


'n horinkie roomys,


'n ingemaakte agurkie,


'n porsie kaas,


'n stukkie salami,


'n stokkielekker,


'n stuk vrugtekoek,


'n worsie,


'n kolwyntjie en


'n skyf waatlemoen.

Daardie aand het hy maagpyn.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Die volgende dag is dit weer Sondag. Toe vreet hy 'n paar gate in 'n sappige groen blaar, daarna voel hy baie beter.



LAERSKOOL MIKRO

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Nou is hy glad nie meer honger nie – en hy is nou ook glad nie meer klein nie. Hy is 'n groot, vet ruspe.



klein



groot

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Hy bou 'n huisie rondom hom wat hom heeltemal toe maak. Meer as twee weke lank bly hy daarin. Toe knibbel hy dit stukkend. Hy sukkel uit. En kyk...



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Hy het 'n wondermooi skoenlapper geword!



Die einde.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO



# Vragies:

1. Waaruit het die ruspe die eerste Sondag gekruip?
2. Kan jy onthou van watter vrugte het die ruspe die Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag en Vrydag geëet?
3. Kan jy onthou hoeveel van elke vrug het die ruspe geëet?
4. Hoekom dink jy het die ruspe se magie gepyn die Saterdag?
5. In wat het die ruspe verander toe hy uit sy huisie kom?





Laerskool Mikro Kopiereg ©